

Rentmeesters van water

Brandpunt
Willem de Clercq



Vandag is Wêreldwaterdag, en die belangrikheid van water in ons daaglikse bestaan het met die huidige droogte opnuut op die voorgrond getree.

Oral word mense aangemoedig om water te bespaar. Diegene wat dit nie doen nie, word beboet. Die maatreëls wat onlangs deur die Kaapse stadsraad ingestel is, is 'n sprekende voorbeeld hiervan.

En met droogtes wat weens klimaatsverandering kan toeneem, moet almal hul deel doen om water te bespaar om te voorkom dat die huidige situasie vererger.

Die voorspelling van meer droogtes en erge watertekorte is geen doemprefesie nie. Navorsers het reeds bevind dat dit oor die volgende 40 jaar gemiddeld 1° tot 3° warmer gaan word, soos oor 'n jaar gemeet. Dit kan tot wydverspreide droogtes lei en die gebrek aan water op die spits dryf.

Die vraag is: Hoe beplan ons vir hierdie scenario?

Eerstens moet ons besef dat hierdie onsekerhede ook die watervoorsieners in die gesig staar. Hulle sal die reserwe-volumes moet vergroot om enige gebeure van die huidige omvang te kan oorbrug. Met ander woorde, waar ons in die verlede 'n reserwekapasiteit vir een seisoen gehad het, moet ons nou reserwekapasiteit vir tot drie opeenvolgende somers voorberei.

Maar dit is bykans onmoontlik gegewe die kapasiteite van neerslag in die vernaamste opvanggebiede en die groterwordende bevolking wat hiervan afhanklik is.



Dooievlei of Theewaterskloofdam? Die water in Wes-Kaapse damme raak daaglik minder.

Foto: MARELIZE WESSELS | LESERSFOTO



Die uitpomp van water uit bergakwifere moet liewer nooit nodig word nie.

Ons laaste uitweg – die uitpomp van water uit bergakwifere – moet liewer nooit nodig word nie. Die verplasing van water is geweldig energie-intensief. Indien ons nie daarvoor voorsiening gemaak het

dat water met gravitasie herlei word nie, kan dit die Wes-Kaap weer in 'n situasie van beurtkrag én beurtwater dompel as ons ooit tot hierdie stap gedwing word. Ons kan maar net hoop dat dit nooit gebeur nie.

Almal moet verstaan dat water, elektrisiteit en voedselproduksie – in wat algemeen as 'n nexus beskryf word – aan mekaar gekoppel is. Daar is 'n interafhanklikheid veral tussen water en energie, wat op hul beurt 'n impak op voedselproduksie en voedselprijs het. Veral voedselprijs kan dramaties styg as water- en elektrisiteitsvoorsie-

ning belemmer word. Dit sal weer sosiaal-maatskaplike probleme veroorsaak wat moontlik tot groter misdaad en meer protes kan aanleiding gee.

Wat kan ons hieraan doen? Die antwoord is eenvoudig: Mense soos ek en jy moet ons verantwoordelike, soos in die Grondwet vervat, ten opsigte van water nakom. Ons moet ware rentmeesters van ons waterbronne word. Die karaktereienskap van 'n ware rentmeester is dat ek nie eerste na my eie belang omsien nie.

In beginsel sê ons wetgewing dat almal dieselfde toegang tot water

moet hê, sodat in ons basiese behoeftes voorsien kan word. Waterrentmeesterskap beteken dat jy verantwoordelikheid vir jou watergebruik moet neem en sorg dat niks vermors word en dat jy nooit 'n redelike vlak van verbruik oorskry nie. Waterrentmeesterskap is die etiese, wettige en sosiaal aanvaarbare plig van elke watergebruiker in ons land.

As instelling het die Universiteit Stellenbosch (US) dié verantwoordelikheid ter harte geneem en sien hy toe dat mense oor rentmeesterskap ingelig word en dit op ons verskillende kampusse toegepas word.

Ons is in 'n groot verknorsing. Derhalwe móét elkeen van ons by die voorgeskrewe waterbegroting hou. Elke huisgesin moet met minder as 5 000 liter per maand klaar-kom. Ons moet ook seker maak daar is geen lekkasies op ons eien-dom nie: Draai alle krane toe en kyk of die watermeter nog loop. Hou daardie watermeter dop soos jou bankbalans.

Hierdeur plaas ons die omgewing se watergebruik in 'n meer voor-spelbare en volhoubare toestand wat tot die volhoubaarheid van watervoorsiening bydra. So help ons dus om die onsekerhede te beperk en die kapasiteit van ons waterbronne oor langer periodes in onseker klimaatomstandighede te rek.

Al sou ons hierdie seisoen genoeg water ontvang uit neerslag, is dit geen waarborg dat dit genoeg sal wees om tekorte in die volgende drie tot vier somers te oorbrug nie.

Daarom is dit belangrik dat elkeen 'n rentmeester van ons waterbronne word en help toesien dat daar genoeg water vir almal is.

■ Dr. De Clercq is aan die US se Waterinstituut verbonde.